# MONTANAPARK SELGROEP, WOENSDAG, 23 APRIL 2025

## DIE HANDELINGE VAN DIE APOSTELS

Soos wat ons die verskillende sendbriewe bestudeer, moet ons gaan kyk hoe hulle in die geskiedenis inpas soos Handelinge dit vir ons beskryf. Lukas is die skrywer en Handelinge gaan aan waar die Lukas evangelie opgehou het, soos ons in Handelinge 1:1 lees. Wie was Theófilus? Ons het nie 'n duidelike antwoord nie, maar dit is moontlik dat hierdie man 'n hoog aanstaande persoon was, dalk 'n Romein wat tot bekering gekom het en meer wou weet oor dit wat die stigting van die Kerk vooraf gegaan het. Dit was met dit in gedagte dat Lukas die tweede verhaal, Handelinge, vir Theófilus sou opteken. Die naam Theófilus beteken "vriend van God".

Soos wat jy die sendbriewe bestudeer, kyk altyd uit vir waar hulle in Handelinge na verwys word. Handelinge begin in die jaar 30 nC maar die skrywe is eers in ongeveer 63 nC opgeteken. Kom ons kyk bietjie dieper na die struktuur van hierdie skrywe.

1. Handelinge 1:1-11 is 'n opsomming van Lukas se vertelling van die gebeure soos hy dit in sy evangelie opgeteken het, tot op die Hemelvaart, in Lukas 24:51. Hy gaan nou voort met die uiteensetting van die geskiedenis en die stigting van die Kerk. In vers 2 het ons die verwysing "apostels" eerder as "dissipels". Dit dui die klemverskuiwing van die taak van die apostels aan. Hulle was eers net leerlinge (dissipels) maar nou moet hulle die boodskap uitdra (apostels). Lukas noem in Handelinge 1:4 inligting wat hy nie spesifiek in Lukas 24:49 na verwys nie.

2. Handelinge 1:12-26 vertel van die kiesing van Matthías as die twaalfde apostel in die plek van Judas. Vers 16 se verwysing is Psalm 41:9-10, en die van vers 20, Psalm 109:8. Dit is baie belangrik om op vers 22 te let. Die vereiste vir die amp van apostel is dat die persoon moes kon getuig van die opstanding van Jesus Christus en dit ervaar het. Hy moes dus fisies teenwoordig gewees het tydens of na die opstanding en Hom gesien het.

   Dit is om hierdie rede dat daar nie vandag apostels kan wees nie en diegene wie hulle hierdie amp aanstel, is vals. Matthias was nooit een van die 12 dissipels nie, maar deel van 'n veel groter groep wie ook dissipels genoem is. Paulus was die dertiende en laaste apostel. Sien Galasiërs 1:1; Efesiërs 1:1; en 2 Timótheüs 1:1. Hy beskou homself egter as die minste van die apostels. Sien 1 Korinthiërs 15:9 ev.

3. Handelinge 2:1-47 ev. vertel van die uitstorting van die Heilige Gees en die eerste bekeerdes. Pinkster (Eng. "Pentacost") was 50 dae na die opstanding van Jesus Christus. Sien vers 16, wat verwys na Joël 2:28. In verse 25-28 haal Lukas vir Dawid aan. Sien Psalm 16:8-11. Die verwysing in vers 35 kom uit Psalm 110:1. Van hier af het ons 'n beskrywing van die stigting van die kerk en hoe dit gegroei het, maar aanvanklik net onder die Joodse gemeenskap (In Handelinge 3:12 spreek Petrus die volk, Israeliete, aan). Let op die vier belangrike aspekte vir die byeenkomste van die eerste kerk soos in vers 42 beskryf word – lering, gemeenskap, nagmaal, en gebed.

4. Handelinge 3 stel ons bekend aan wonderwerke deur die hande van mense. Hierdie was die tekens wat die Jode nodig gehad het om te kon glo. Petrus verduidelik kortliks die Skrifte en hoe dit op die Messías gedui het. Sien vers 22 wat verwys na Deuteronomium 18:15-19. In Handelinge 4 verdedig Petrus hom voor die Joodse raad en haal Psalm 118:22 aan (vers 11).

Handelinge lê die basis vir die verstaan van die konteks van die sendbriewe van Paulus asook ander skrywers se sendbriewe (Jakobus, Petrus, Johannes, en Judas). Hier is ‘n kort uiteensetting. Jaar aanduidings mag soms ietwat verskil.

| Gebeurtenis | Verwysing | Jaar (AD) |
|---|---|---|
| Uitstorting van die Heilige Gees | Handelinge 2:1-13 | 30 |
| Die totstandkoming van die Kerk onder die Jode | Handelinge 2:40-47 | 30 |
| Die eerste vervolgings van gelowiges in die Kerk | Handelinge 4:1-22; 5:21-42; 7:1-60 | 35 |
| Filippus en die Ethiopiese hofdienaar | Handelinge 8:4-13 | 35 |
| Die bekering van Paulus; sy bediening begin | Handelinge 9:1-9; 9:20 ev.; Gal 1:18 | 36; 39 |
| Die eerste heidene kom tot bekering | Handelinge 10:1-48 | 40 |
| Die stigting van die Kerk in Antiochië | Handelinge 11:19-30 | 43 |
| Matthéüs skryf sy evangelie | Matthéüs | 43 |
| Jakobus, die broer van Johannes*[1], gemartel | Handelinge 12:1-25 | 44 |
| Jakobus, die broer van Jesus*[2], se brief geskryf | Jakobus | 45 |
| Paulus se roeping na die heidene | Handelinge 13:1-3; 18:6 | 47 |
| Paulus se eerste sendingreis | Handelinge 13:4-14:28 | 48 |
| Eerste vergadering in Jerusalem | Handelinge 15:6-35; v16 (Amos 9:11) | 50 |
| Paulus se tweede sendingreis | Handelinge 15:39-18:22 | 51 |
| Paulus skryf 1 Thessalonicense | 1 Thessalonicense | 52 |
| Paulus skryf 2 Thessalonicense | 2 Thessalonicense | 53 |
| Paulus se derde sendingreis | Handelinge 18:23-21:17 | 54 |
| Paulus skryf 1 Korinthiërs | 1 Korinthiërs | 57 |
| Paulus skryf Galasiërs | Galasiërs | 57 |
| Paulus skryf 2 Korinthiërs | 2 Korinthiërs | 58 |
| Paulus skryf Romeine | Romeine | 58 |
| Lukas skryf sy evangelie | Lukas | 59 |
| Paulus in Jerusalem gearresteer | Handelinge 21:26-22:29 | 58 |
| Paulus in Cesaréa in die tronk vir twee jaar | Handelinge 23:23-26:32; sien 24:37 | 59 |
| Paulus vertrek na Rome | Handelinge 27:1-2 | 60 |
| Paulus bereik Rome | Handelinge 28:11-16a | 61 |
| Paulus in Rome (in huisarres) onder bewaking | Handelinge 28:16b-31; sien vers 30 | 62 |
| Paulus skryf Efesiërs | Efesiërs | 62 |
| Paulus skryf Filippense | Filippense | 62 |
| Paulus skryf Kolossense | Kolossense | 62 |
| Paulus skryf Filémon | Filémon | 62 |
| Petrus skryf sy eerste sendbrief | 1 Petrus | 63 |

| Gebeurtenis | Verwysing | Jaar (AD) |
|---|---|---|
| Lukas skryf Handelinge | Handelinge | 63 |
| Paulus vrygespreek | Handelinge 28:21 ev. | 63 |
| Paulus besoek verskeie plekke | Romeine 15:24, 28 | 63 |
| Paulus skryf Hebreërs | Hebreërs | 63 |
| Paulus skryf 1 Timótheüs | 1 Timótheüs | 63 |
| Paulus skryf Titus | Titus | 63 |
| Markus skryf sy evangelie | Markus | 64 |
| Petrus skryf sy tweede sendbrief | 2 Petrus | 65 |
| Paulus se tweede gevangenisskap in Rome | Geen rekord nie | 65 |
| Paulus skryf 2 Timótheüs | 2 Timótheüs | 66 |
| Paulus doodgemaak | Geen duidelike rekord nie | 66 |
| Jerusalem verwoes | Soos Jesus voorspel het, Matt 24:2 | 71 |
| Judas skryf sy sendbrief | Judas | 75 |
| Johannes skryf sy evangelie | Johannes | 85 |
| Johannes skryf sy drie sendbriewe | 1 Johannes; 2 Johannes; 3 Johannes | 90 |
| Johannes se visioene op Patmos | Openbaring 1:9 | 96/7 |
| Openbaring opgeteken | Openbaring | 96/7 |
| Johannes oorlede, die laaste van die apostels | Geen duidelike rekord nie | 100 |

*[1] Jakobus was die broer van die apostel Johannes, die evangelie skrywer. Hy was na Stéfanus een van die eerste dissipels om gemartel te word. Jakobus was deel van Jesus se binnekring van ondersteuners. Hulle was Petrus, Johannes, en Jakobus. Sien Matthéüs 17.

*[2] Jakobus was Jesus se broer by Josef en Maria. Sien Matthéüs 13:55 en Markus 6:3. Daar was vier broers behalwe Jesus – Jakobus, Joses, Simon, en Judas. Daar was ook susters, wat beteken het dat Jesus se ouerhuis tipies van die tyd en kultuur was, groot, raserig, besig, en met min persoonlike ruimte.

Name kan vir ons as lesers vandag dikwels verwarrend wees omdat daar nie altyd tweede name was nie, en beslis nie vanne nie. Die mense van daardie tyd was egter goed bekend met die families en die onderskeie indiwidue.

Soos wat jy die sendbriewe lees, kyk na die tyd. Wanneer is dit geskryf; wat was die omstandighede; en waar was Paulus op daardie stadium? Dit sal help om die Woord in ‘n beter konteks te plaas. Die Woord is lewendig. Die Woord gee lewe. Die Woord funksioneer en reageer egter binne die raamwerk van die opgetekende geskiedenis van die tyd waarbinne dit afspeel. Dit sou onkundig wees om die geskiedenis te ignoreer.

Die handelinge van die apostels soos in Lukas se tweede skrywe opgeteken is, het nooit tot ‘n einde gekom nie. Dit leef vandag voort deur die verkondiging van die Groot Opdrag, soos ons in Mattheüs 28:18-20 vind. Hoedanig is jy deel van hierdie opdrag?